Ps. 118: 12, 13. II Die Gesindheid v. ons Gawes | Potch. K 12/164 II 1955

Ps. 116: 5, 7, 8. 2 Kor. 8:1-9; 9:1-11

Ps. 134: 3 – Ges 125: 5.

2 Kor. 9:7 – Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief.

In ons boodskap van verlede week het ons ons hoof saaklik bepaal by die maatstaf deur God gestel waarmee ons geroep word om ons gawes aan God te meet. Daarop gewys dat wat vir die Jood plig was (sy tiende) word vir die Christen 'n voorreg.

Maar juis omdat enige boodskap of bespreking oor tiendes so maklik die indruk kan skep dat ons wettties wil wees, daarom wil ons vanmôre dieper afgaan – na die gesindheid van ons gawe omdat dit tog die eintlike ware grondslag vorm. Want die gees waarin ons gee lê bloot die geheim waarom ons gee. As die gees van ons harte reg is, dan is ons gawe self reg asook d. manier waarop ons gee.

I. Die Gees waarin ons moet Gee:

1. Uit liefde: Eintlik is daar net een bron waaruit alle gawes aan God geskenk word – die bron v.d. liefde: maar nie ons liefde nie – nee, Gods liefde. „Want so lief het God die wêreld gehad . . . (Joh. 3:16) en as antwoord op hierdie onmeetlike, onoortreflike, onbegrensde liefde van God skenk ons ons liefde. Daarom moet hierdie liefde altyd spruit uit 'n volkome hart; d/om moet ons eers ons hart en al sy liefde gee aan God, voor ons ons gawe kan toning. Dit was die geheim van die oorvloedige gawe van die Macedoniese gemeentes (2 Kor 8:5): „Hulle het hulself eers aan die Here gegee en toe aan ons." Sonder die liefde is alle offergawes 'n bespotting.

2. Uit dankbaarheid: Maar 'n tweede gesindhd. wat by elke gee van ons kant aanwesig moet wees is die van dankbaarheid. Dis die gesindhd. v.d. hart wat die Here vergeld vir al sy weldade aan my? (Ps. 116:12) uitroep: Wat sal ek die Here vergeld vir al sy weldade aan my? (Ps. 116:12)

Hierdie dankbaarheid is 'n vrug van die wete dat:
a) alles van God kom & dat alles aan Hom behoort
b) ~~dat~~ Hy elke oomblik van die dag en jaar gee en aanhou gee (bv.: die Skepping) in oorvloed
c) Ek nie die besitter is van my goed, mr. die rentmeester van God (Luk. 16:5 – „Hoeveel skuld jy aan my Heer?")

3. In gehoorsaamheid: As ek iemand liefhet gehoorsaam ek hom graag. As ek God liefhet is dit my vreugde om Gods Woord en bevel te gehoorsaam en my onder die gesag van Gods Woord te buig (totaal) – ook wanneer God my 'n opdrag gee i.v.m. my gawes. As ek in God glo, sal Sy Gees my ook hier lei.

4. In blymoedigheid: Hoe sterk het Paulus klem gelê op die gesindheid van blymoedigheid – om met 'n jubelende, singende hart aan God te gee wat Hom toekom! Hoeveel ryker sal ons hart en siel nie wees as ons God (ons offer) sal prys in ons gawes nie! Dan sal God ook nooit genoeë kan neem met 'n gawe wat teësinniglik of onverskilliglik gebring word nie. Wat ons gee aan God moet ons gewillig gee soos Israel by die bou v.d. tempel (1 Kron. 29:9): „En die volk was bly oor hulle gewilligheid, want met 'n volkome hart het hulle vrywillig aan die Here gegee."

5. Opofferend: Maar 1-4 is nie genoeg nie. As ons waarlik uit liefde en dankbaarhd, in gehoorsaamhd en blymoedigheid gee, dan sal ons gawe 'n offer wees, 'n prysgee van iets wat ons dierbaar en soet is, iets wat ons na aan d. hart lê en van ons hart afgaan (i) Dink aan Xtus se oordeel (Luk 21:4 = ¼a) oor die gawe v.d. arm weduwee: „meer as al die ander ... alles wat sy gehad het" (ii) Gee d. beste wat ons het (Mal. 1:4-8)

6. Biddend: Toe Israel hulle gawes gebring het, het Dawid in naam v.d. hele volk d. gawe aan God opgedra in gebed (1 Kron 29:10-19)
→ Ons: Bid voor ons gee – terwyl ons gee –!

II Die Manier waarop ons moet Gee: Baie eenvoudig en duidelik maar ook baie beslis is die Wd. v.d Here op die punt:

1. Sistematies: Paulus gee hiervan 'n duidelike uiteensetting in sy 1e brief aan Korinthe (16:2) „Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar" Die gesonde dissipline van sistematies te wees ook in geldsake, alles aan te teken (inkomste & uitgawes)

2. Na verhouding: Paulus weer (1Kor 16:2) – „Namate sy voorspoed is" Dan het Gods Wd ook die verhouding bepaal van 1/10 as maatstaf en aanduiding van wat ons moet gee.

3. ~~Vroegtydig~~ Persoonlik: Spr. 3:28 staan daar: „Sê nie vir jou naaste nie: Gaan en kom terug, dan sal ek môre gee – terwyl jy dit het" Ons nie al geleer dat dadelik gee beteken dubbeld gee! Hoeveel gaan nie verlore deur gawes wat teruggehou is tot na mense se dood waar daar gewaak kon word nie!

4. Eerlik: Die aangrypende geskiedenis van Ananias en Saffira in Hand 5:1-10 is vir ons 'n aanduiding van in watter ernstige lig die Here valshd en oneerlikhd sien. Dan d. geld wat ons na God bring eerlikverdiende geld wees & d. hart 'n eerlike hart! Anders verwerp!

5. Met Oorleg: Dis vir my 'n baie belangrike beginsel – dat God ons wil leer hoe en waar en wanneer ons ~~hul~~ moet gee:
a) Kwessie van wat alles uit tiende gee: Kerk, (D.offer, Kollekte), liefdadigheid, opvoeding, behoefsending, armsorg, steun aan familielede wat behoeftige kind, – is – dis tog alles deel van ons Tiende! Onder biddende opsien tot God ons verstand gebruik en vra: Waar, wanneer, hoeveel?
b) Kwessie van watter soort hulp: geld – goed – geestel. sorg (arm huisgesin waar alles gaan in drank, dubbel ons)

6. Gebruik Word: Dwarsdeur die hele Bybel word hierdie beginsel as die enigste gesonde gestel:

Elke gawe aan God moet gebring word en nie gehaal word nie. Ons kan u minstens 30 aanhalings uit die Skrif gee om dit te staaf, kyk net op:

a) Israel: „Sê vir die kinders van Israel dat hulle My 'n offergawe moet bring" (Ex. 25:2

b) Hand. 4: 34, 37: „En aan die voete van die apostels kom neerlê ...."

c) Macedonië: „Want hulle het ons met groot aandrang gesmeek dat ons hulle gawe moet ontvang" (2 Kor 8:2 [illegible])

Nêrens lees ons dat dit verwag word dat 'n diaken ons gawes by ons huise moet kom haal nie. Met watter goeie bedoelings ookal ingestel – dit het d. geestel. lewe v.d. gemeente oneindig skade berokken:

① Pers. verantwd v.d. Kten voor sy God laat verwaag

② Ons ware gawe aan God wil baie laat word 'n verpligte belasting a.d. Kerk

③ Amp v.d. diakonie (hoë & verhewe) verlaag tot 'n bedelaarsamp i/d oog v baie gem. lede

Die ideaal: BRING NA GODS HUIS!

Hoe bereik? Baie se bedenking – ek kan dit nie te waag. Ons antwoord: Gee dit 'n diaken te kenne! Regte uit van klein groep

III Die Deel waartoe Ons Gee: O, watter verhewe deel is daar agter elke gawe aan God!

1. Sodat God verheerlik word: Hy d eer en roem ontvang – nie ons of ander nie! Dieen maak dit nie saak of ander dit weet of nie weet nie

2. Sodat sy diens instand gehou kan word:

3. Sodat Sy Koninkryk uitgebrei kan word: Sonder aardse middele kan Gods werk nie gedoen word

4. Sodat d. armes versorg kan word:

5. Sodat gelowiges geseën kan word:

2. Kor 9: 8 en 11: „Sodat julle in alles ryk kan word tot alle milddadigheid" – „En oorvloedig kan wees tot elke goeie werk"

Amen